MIV-isolate wat weerstand teen emtrisitabien bied is *in vitro* geselekteer. Genotipiese onteding van hierdie isolate het aangetoon dat 'n afname in die vatbaarheid teen emtrisitabien met 'n mutasie in die MIV TT-geen by kodon 184 geassosieer is. Hierdie mutasie het 'n aminosuurvervanging van metionien deur valien of isoleusien (M184V/I) veroorsaak.
Tenofovir disoproksielfumaraat:
Isolate van MIV-1 wat verminderde vatbaarheid vir tenofovir getoon het is *in vitro* geselekteer. Hierdie virusse het 'n K65R mutasie in trutranskriptase aangetoon en 'n 2- tot 4-voudige afname in vatbaarheid teen tenofovir getoon.

Kruisweerstand:
Efavirens, emtrisitabien en tenofovir disoproksielfumaraat:
Kruisweerstand is onder NNTTIs uitgewys. Dit is ook bekend dat kruisweerstand onder sekere NTTIs kan ontwikkel. Die M184V/I en/of K65R vervangings wat *in vitro* deur die kombinasie van emtrisitabien en tenofovir geselekteer is, is ook in sommige MIV-1 stamme uit individue in wie die behandeling met tenofovir in kombinasie met lamivudien of emtrisitabien, en abasasavir of didanosien misluk het, waargeneem. Kruisweerstand onder hierdie middels kan daarom in pasiënte wie se virus een of beide van hierdie aminosuurvervangings herberg, ontwikkel.

Farmakokinetiese eienskappe:
Efavirens:
Absorpsie:
Piek plasmakonsentrasies van efavirens van 1,6 - 9,1 µM is na 5 ure na 'n enkel dosering van 100 mg tot 1600 mg aan onbesmette vrywilligers bereik. Alhoewel dosisverwante toenames in K_{maks} en AOK waargeneem is vir dosisse van tot soveel as 1600 mg, is hierdie toenames kleiner as proporsioneel, wat op 'n afname in absorpsie teen hoër dosisse dui. Plato plasmakonsentrasies word na 6 tot 10 dae bereik.
Verspreiding:
Efavirens is hoogs proteïengebonde (ongeveer 99,5 % tot 99,75 %), hoofsaaklik aan albumien. Konsentrasies in die serebrospinale vloeistof het met 0,26 tot 1,19 % (gemiddeld 0,69 %) van die ooreenstemmende plasmakonsentrasies in MIV-1 besmette individue, aan wie 200 tot 600 mg efavirens een keer per dag vir ten minste een maand toegedien is, gewissel. Dit is ongeveer drie keer meer as die nie-proteïengebonde (vry) fraksie van efavirens in plasma.
Metabolisme:
Efavirens word hoofsaaklik deur die sitochroom P450 sisteem na gehidroksileerde metaboliete gemetaboliseer met daaropvolgende glukuronidasie van hierdie gehidroksileerde metaboliete. Die metaboliete is nie teen MIV-1 aktief nie. CYP3A4 en CYP2B6 is die belangrikste isoënsieme wat in die metabolisme van efavirens betrokke is. Efavirens, deur induksie van P450 ensieme, induseer sy eie metabolisme.
Eliminasie:
Efavirens besit 'n lang terminale halfleeftyd van 52 - 76 ure en 40 - 50 ure na enkel en veelvuldige dosisse, respektiewelik. Na die toediening van 'n radiogemerkte dosis, is 14 - 34 % van efavirens in die urien (hoofsaaklik as metaboliete) en 16 - 61 % in die feses herwin (hoofsaaklik as moedermiddel).

Emtrisitabien:
Die farmakokinetiese eienskappe van emtrisitabien word in tabel 1 opgesom.
Absorpsie:
Na orale toediening van emtrisitabien (200 mg) word emtrisitabien vinnig geabsorbeer met piek plasmakonsentrasies wat 1 - 2 ure na dosering voorkom.
Verspreiding:
In vitro binding van emtrisitabien aan menslike plasmaproteïene is < 4 % en is afhanklik van die konsentrasie in die reikwydte van 0,02 - 200 µg/mℓ.
Metabolisme en eliminasie:
Na die toediening van radiogemerkte emtrisitabien word ongeveer 86 % in die urien en 13 % as metaboliete herwin. Die metaboliete van emtrisitabien sluit 3'-sulfoksied diastereomere en hul glukuronsuur konjugaat in. Emtrisitabien word deur 'n kombinasie van glomerulêre filtrasie en aktiewe buissekresie geëlimineer. Na 'n enkel dosis emtrisitabien (200 mg) is die plasmahalfleeftyd van emtrisitabien ongeveer 10 ure.

Tenofovir disoproksielfumaraat:
Die farmakokinetiese eienskappe van tenofovir disoproksielfumaraat word in tabel 2 opgesom.
Absorpsie:
Na orale toediening van tenofovir, word maksimum tenofovir serumkonsentrasies na 1,0 ± 0,4 ure bereik.
Verspreiding:
Die *in vitro* binding van tenofovir aan menslike plasmaproteïene (< 0,7 %) is onafhanklik van die konsentrasie oor die reikwydte van 0,01 - 25 µg/mℓ.
Metabolisme en eliminasie:
Ongeveer 70 - 80 % van die intraveneuse dosis van tenofovir word onveranderd in die urien herwin. Tenofovir word deur 'n kombinasie van glomerulêre filtrasie en aktiewe buissekresie geëlimineer. Na 'n enkel dosis tenofovir, is die terminale halfleeftyd van tenofovir ongeveer 17 ure.

Tabel 1: Enkel dosis farmakokinetiese parameters vir emtrisitabien en tenofovir in volwassenes[1]

	Emtrisitabien	Tenofovir
Vastende Orale biobeskikbaarheid[2] (%)	92 (83,1 - 106,4)	25 (NB[1]- 45,0)
Plasma Terminale eliminasiehalfleeftyd[2] (ure)	10 (7,4 - 18,)	17 (12,0 - 25,7)
K_{maks}[3] (µg/ml)	1,8 ± 0,72[4]	0,30 ± 0,09
AOK[3] (µg.uur/ml)	10,0 ± 3,12[4]	2,29 ±0,69
CL/F[3] (ml/min)	302 ± 94	1043 ± 115
CL_{nier}[3] (ml/min	302 ± 89	243 ± 33

[1] NB = Nie bereken nie
[2] Mediaan (reikwydte)
[3] Gemiddeld (± SA)
[4] Data aangebied as platowaardes

Effekte van voedsel op orale absorpsie:
TRIEMTA TABLETS is nie in die teenwoordigheid van voedsel geëvalueer nie. Die toediening van efavirens tablette met 'n hoë vet maaltyd het die gemiddelde AOK en K_{maks} van efavirens met 28 % en 79 % respektiewelik, verhoog in vergelyking met toediening in die vastende staat. In vergelyking met vastende toediening het die dosering van tenofovir DF en emtrisitabien in kombinasie met hoë vet maaltyd of 'n ligte maaltyd die gemiddelde AOK en K_{maks} van tenofovir met 35 % en 15 % respektiewelik verhoog, sonder om die blootstelling aan emtrisitabien te beïnvloed.

Spesiale populasies:
Pediatriese en bejaarde pasiënte:
Farmakokinetiese studies met tenofovir DF is nie in pediatriese pasiënte (jonger as 18 jaar oud) uitgevoer nie. Efavirens is nie in pediatriese pasiënte jonger as 3 jaar oud of wat minder as 13 kg weeg, uitgevoer nie. Emtrisitabien is in pediatriese pasiënte vanaf 3 maande tot 17 jaar oud uitgevoer. **TRIEMTA TABLETS** word nie vir pediatriese toediening aanbeveel nie. Die farmakokinetika van efavirens, emtrisitabien en tenofovir is nie volledig in bejaardes (ouer as 65 jaar) geëvalueer nie (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**).

Pasiënte met ingekorte nierfunksie:
Efavirens:
Die farmakokinetika van efavirens is nie in pasiënte met ingekorte nierfunksie bestudeer nie; minder as 1 % van efavirens word egter onveranderd deur die niere uitgeskei. Daarom, behoort die impak van ingekorte nierfunksie op die eliminasie van efavirens minimaal te wees.
Emtrisitabien en tenofovir disoproksielfumaraat:
Die farmakokinetika van emtrisitabien en tenofovir DF word in pasiënte met ingekorte nierfunksie verander. In pasiënte met 'n kreatinienopruiming van minder as 50 mℓ/min het die K_{maks} en $AOK_{0-\infty}$ van emtrisitabien en tenofovir toegeneem (sien **KONTRA-INDIKASIES, WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS, Ingekorte nierfunksie**).

Pasiënte met ingekorte lewerfunksie:
Efavirens:
Die farmakokinetika van efavirens is nie voldoende in pasiënte met ingekorte lewerfunksie bestudeer nie (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**).

Emtrisitabien:
Die farmakokinetika van efavirens is nie voldoende in pasiënte met ingekorte lewerfunksie bestudeer nie. Emtrisitabien word egter nie beduidend deur lewerensieme gemetaboliseer nie. Daarom behoort die impak van ingekorte lewerfunksie beperk te wees.
Tenofovir disoproksielfumaraat:
Die farmakokinetika van tenofovir na 'n dosis van 300 mg tenofovir DF is in nie-MIV besmette pasiënte met matig tot erg ingekorte lewerfunksie bestudeer. Daar was geen noemenswaardige verandering in die farmakokinetika van tenofovir in pasiënte met ingekorte lewerfunksie in vergelyking met pasiënte met normale lewerfunksie nie.

INDIKASIES:
TRIEMTA TABLETS word aangedui as enkel of kombinasieterapie vir MIV-1 infeksie in volwassenes.

KONTRA-INDIKASIES:
TRIEMTA TABLETS word teenaangedui in pasiënte:
- Met voorheen aangetoonde hipersensitiwiteit teen efavirens, emtrisitabien of tenofovir of enige ander van die komponente van **TRIEMTA TABLETS**.
- Met erg ingekorte lewerfunksie (Child-Pugh klas C).
- 'n Geskiedenis van vorige lewerbesering/mislukking met antiretrovirale behandeling (ART) wat efavirens bevat.
- Met matig tot erg ingekorte nierfunksie (kreatinienopruiming < 50 mℓ/min (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS** en **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**).
- Wat huidiglik behandeling met kisapried, midasolam, triasolam of ergotderivate ontvang, aangesien kompetisie vir CYP 3A4 deur die efavirens in **TRIEMTA TABLETS** tot inhibisie van die metabolisme van hierdie medisyne kan lei, asook die potensiaal vir ernstige en/of lewensbedreigende newe-effekte (bv. hartdisritmieë, verlengde sedering of respiratoriese onderdrukking) kan ontwikkel.
- Pasiënte wat huidiglik vorikonasool gebruik, aangesien efavirens die plasmakonsentrasie van vorikonasool beduidend laat afneem, terwyl vorikonasool die plasmakonsentrasie van efavirens aansienlik laat toeneem. Aangesien **TRIEMTA TABLETS** 'n vaste dosis kombinasieproduk is, kan die dosis van efavirens nie verander word nie. Daarom behoort vorikonasool en **TRIEMTA TABLETS** nie saam toegedien te word nie.
- Wat swanger is of borsvoed (sien **SWANGERSKAP EN LAKTASIE**).
- Wie gebruik gelyktydig St. John's se kruid (*Hypericum perforatum*) of St John's se kruid-bevattende medisyne (sien **INTERAKSIES**).
- **TRIEMTA TABLETS** word nie aanbeveel vir gebruik in kinders en adolessente jonger as 18 jaar oud weens 'n gebrek aan data oor veiligheid en effektiwiteit.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS:

MELKSUURASIDOSE EN ERGE HEPATOMEGALIE MET STEATOSE, INSLUITENDE FATALE GEVALLE IS MET DIE GEBRUIK VAN NUKLEOSIEDANALOË, ALLEEN OF IN KOMBINASIE MET ANDER ANTIRETROVIRUSMIDDELS AANGEMELD.
TRIEMTA TABLETS WORD NIE VIR DIE BEHANDELING VAN CHRONIESE HEPATITIS B VIRUS (HBV) INFEKSIE NIE AANGEDUI EN DIE VEILIGHEID EN EFFEKTIWITEIT VAN TRIEMTA TABLETS IS NIE IN PASIËNTE WAT MET BEIDE HBV EN MIV-1 BESMET IS, VASGESTEL NIE. ERGE AKUTE AGTERUITGANG VAN HEPATITIS B IS IN PASIËNTE AANGEMELD WAT MET DIE GEBRUIK VAN EMTRISITABIEN OF TENOFOVIR DF OPGEHOU HET.
IN SOMMIGE VAN DIE PASIENTE WAT MET EMTRISITABIEN BEHANDEL IS, AGTERUITGANG VAN HEPATITIS B, WAS VERBAND MET LEWERDEKOMPENSASIE EN LEWERVERLIES. LEWERFUNKSIE BEHOORT NOUKEURIG MET BEIDE KLINIESE EN LABORATORIUMOPVOLG VIR TEN MINSTE ETLIKE MAANDE GEMONITOR TE WORD IN PASIËNTE WAT MET DIE GEBRUIK VAN TRIEMTA TABLETS OPGEHOU HET EN MET BEIDE MIV EN HBV BESMET IS. INDIEN VAN TOEPASSING KAN DIE INSTELLING VAN ANTI-HEPATITIS B TERAPIE GEREGVERDIG WORD.

Melksuurasidose/hiperlaktatemie:
Die gebruik van **TRIEMTA TABLETS** kan weens mitochondriale wanfunksie tot potensieel fatale melksuurasidose lei.
Kliniese eienskappe is nie-spesifiek en sluit naarheid, braking, buikpyn, dispnee, moegheid en massaverlies in.
In pasiënte met verdagte simptome of biochemie, behoort die veneuse laktaatvlak (normaal <2 mmol/l) en serumbikarbonaat gemeet en as volg opgetree te word.
- **Laktaat 2 - 5 mmol/l met minimum simptome:** Skakel oor na middels wat minder waarskynlik melksuurasidose sal veroorsaak.
- **Laktaat 5 - 10 mmol/l met simptome en/of laer bikarbonaat:** Staak NTTIs en verander die behandeling. Wanneer die laktaatvlak gestabiliseer het, gebruik medisyne wat minder waarskynlik melksuurasidose sal veroorsaak. Sluit ander oorsake uit (bv. sepsis, uremie, diabetiese ketoasidose, tirotoksikose en hipertiroïedisme).
- **Laktaat > 10 mmol/l: STAAK alle terapie** (80 % mortaliteit).

Die bogenoemde laktaatvlakke is moontlik nie in pediaters van toepassing nie.
Sorg behoort aan die dag gelê te word wanneer **TRIEMTA TABLETS** aan pasiënte met bekende faktore vir lewersiekte toegedien word.
Behandeling met **TRIEMTA TABLETS** behoort opgeskort te word in enige pasiënt wat kliniese of laboratorium bevindings ontwikkel wat op melksuurasidose of hepatotoksisiteit dui.

Mitochondriale disfunksie:
Daar is *in* vitro en *in* vivo aangetoon dat nukleosied- en nukleotiedanaloë 'n wisselende graad van mitochondriale beskadiging veroorsaak. Daar bestaan vermeldings van mitochondriale disfunksie in MIV-negatiewe babas wat *in utero* en/of post-nataal aan nukleosiedanaloë blootgestel is. Behalwe vir melksuurasidose/hiperlaktatemie (sien hierbo) sluit ander manifesterings van mitochondriale disfunksie hematologiese afwykings (anemie, neutropenie) en perifere neuropatie in. Sommige neurologiese afwykings wat eers later ontwikkel is aangemeld (hipertonie, stuipaanvalle, abnormale gedrag). Dit is nie bekend of die neurologiese afwykings van verbygaande aard of permanent is nie. Enige fetus wat *in utero* aan nukleosied- en nukleotiedanaloë blootgestel is, selfs MIV-negatiewe babas/kinders, behoort kliniese en laboratoriumopvolg te ondergaan en behoort in die geval van relevante tekens of simptome ten volle vir mitochondriale disfunksie ondersoek te word.

Pankreatitis:
Pankreatitis is in sommige pasiënte wat **TRIEMTA TABLETS** ontvang, waargeneem.
Pankreatitis moet oorweeg word wanneer 'n pasiënt buikpyn, naarheid, braking of verhoogde biochemiese merkers ontwikkel. Staak die gebruik van **TRIEMTA TABLETS** totdat 'n diagnose van pankreatitis uitgesluit is.

Lewersiekte:
Weens nie-alkoholiese vetlewersiekte (lewersteatose) kan die gebruik van **TRIEMTA TABLETS** tot hepatomegalie lei. Die veiligheid en effektiwiteit van **TRIEMTA TABLETS** is nie in pasiënte met beduidende onderliggende lewerafwykings/-siekte vasgestel nie. In die geval van meegaande antivirusterapie vir hepatitis B of C, moet die relevante voubiljette vir hierdie medisyne geraadpleeg word.
Pasiënte met reeds bestaande lewerdisfunksie, insluitende chroniese, aktiewe hepatitis toon 'n toename in die frekwensie van lewerfunksie-abnormaliteite gedurende kombinasie antiretrovirusterapie en behoort gemonitor te word. As daar bewys van agteruitgang van die lewersiekte in sulke pasiënte is, behoort tydelike of permanente staking van behandeling oorweeg te word.

Daar is 'n paar bewyse dat efavirenz geassosieer word met die kliniese patologiese patrone van geneesmiddelinduceerde lewerversaking in MIV-positiewe pasiënte waarvan die sub-massiewe nekrose histologiese patroon blyk te wees geassosieer met 'n hoë morbiditeits- / mortaliteit risiko en kan aanwesig wees baie maande na terapie geïnisieer of selfs gestop is. Risikofaktore sluit in jonger ouderdom, CD4 + tellings ≥350 selle / µl en vroulike geslag.

Vroeë opsporing en behandeling van die lewerversaking en die onmiddellike staking van **TRIEMTA TABLETS** of efavirenz wat medisyne bevat, moet beklemtoon word. Pasiënte wat behandeling met **TRIEMTA TABLETS** gestaak het, moet opvolg vir simptome / tekens van lewerversaking tot 12 maande.

TRIEMTA TABLETS word nie aanbeveel by pasiënte met matige tot ernstige lewerfardigheid nie, aangesien daar nie genoeg data is om vas te stel of dosisaanpassings benodig word nie.

Lewerensieme:
Die monitering van lewerensiemvlakke word aanbeveel in pasiënte met 'n bekende of vermoedelike geskiedenis van hepatitis B of C infeksie, asook in pasiënte wat met ander medisyne wat met lewertoksisiteit geassosieer word, behandel word. Die voordeel van voortgesette terapie met **TRIEMTA TABLETS** behoort teen die onbekende risiko van noemenswaardige lewertoksisiteit opgeweeg te word in pasiënte wat aanhoudende verhogings van serumtransaminases na meer as 5 keer die boonste limiet van normaal van die normale reikwydte toon (sien **NEWE-EFFEKTE**).

Pasiënte op **TRIEMTA TABLETS** of efavirenz wat antiretrovirale behandeling (ART) bevat, moet gereeld gemonitor word vir geelsug (insluitend laboratorium bilirubien en lewer ensieme) en bloedingstendense.

Pasiënte met beide MIV en hepatitis B of C infeksie:
Daar word aanbeveel dat alle pasiënte met MIV getoets word vir die teenwoordigheid van chroniese HBV voordat anti-retrovirale terapie begin word. **TRIEMTA TABLETS** is nie aangedui vir die behandeling van chroniese HBV infeksie nie en veiligheid en effektiwiteit van **TRIEMTA TABLETS** is nie vasgestel by pasiënte wat saam met HBV en MIV geïnfekteer is nie. Ernstige akute verergerings van hepatitis B is aangemeld by pasiënte wat met beide MIV en HBV besmet is en wat emtrisitabien of tenofovir DF gestaak het. In sommige van hierdie pasiënte wat behandel is met emtrisitabien, is die verergering van hepatitis B geassosieer met lewerafbreking en lewerversaking. Pasiënte wat met beide MIV en HBV besmet is en wat met die gebruik van **TRIEMTA TABLETS** staak, behoort noukeurig met beide kliniese en laboratoriumopvolg na staking van die terapie opgevolg te word. Indien nodig, kan inisiasie van anti-hepatitis B-terapie geregverdig word.

Pasiënte met chroniese hepatitis B of C en wat met antiretrovirus terapie behandel word, het 'n groter risiko vir erge en potensieel fatale newe-effekte van die lewer.
Mediese praktisyns behoort na die huidige MIV-behandelingsriglyne te verwys vir die optimale bestuur van MIV-infeksie in pasiënte wat ook met hepatitis B virus (HBV) besmet is.
In die geval van meegaande antivirusterapie vir hepatitis B of C, moet ook na die relevante voubiljette vir hierdie medisyne verwys word.

In pasiënte met gevorderde lewersiekte of -sirrose, word die staking van terapie nie aanbeveel nie, aangesien die agteruitgang van hepatitis na behandeling tot lewerdekompensering kan lei.
Die staking van **TRIEMTA TABLETS** in pasiënte wat met beide MIV en HBV besmet is, kan met erge agteruitgang van hepatitis geassosieer word.

Medetoediening saam met verwante medisyne:
Verwante medisyne wat nie saam met **TRIEMTA TABLETS** toegedien moet word nie sluit emtrisitabien, tenofovir DF, emtrisitabien/tenofovir DF en efavirens in, wat dieselfde aktiewe bestanddele as **TRIEMTA TABLETS** besit. Weens ooreenkomste tussen emtrisitabien en lamivudien, behoort **TRIEMTA TABLETS** nie saam met medisyne wat lamivudien bevat, insluitende lamivudien/sidovudien, lamivudien en abasavir toegedien te word nie.

St. John's se kruid:
Die gelyktydige gebruik van **TRIEMTA TABLETS** saam met St. John se kruid (*Hypericum perforatum*) of produkte wat St. John se kruid bevat, word nie aanbeveel nie. Daar word verwag dat die medetoediening van NNTTI, insluitende efavirenz, die NNTTI konsentrasies aansienlik sal verminder en sub-optimale vlakke van efavirenz veroorsaak wat tot 'n verlies van virologiese respons en moontlike weerstand teen die NNTTI klas kan lei.

Psigiatriese simptome:
Ernstige psigiatriese newe-effekte is in pasiënte wat met efavirens behandel is, aangemeld. Hierdie newe-effekte sluit in: erge depressie, selfmoordidees, nie-fatale selfmoordpogings, aggressiewe gedrag, paranoïese gedagtes en maniese gedagtes. Behandeling met efavirenz word geassosieer met 'n toename in die voorkoms van hierdie psigiatriese simptome.
Daar bestaan ook nabemarkingsvermeldings van dood deur selfmoord, delusies en psigoseagtige gedrag; 'n oorsaaklike verwantskap met die gebruik van efavirens kan egter nie uit hierdie vermeldings vasgestel word nie. Pasiënte met ernstige psigiatriese newe-effekte behoort onmiddellik mediese evaluering te ondergaan om vas te stel om die moontlikheid dat die simptome kan verband hou met die gebruik van efavirenz, dus **TRIEMTA TABLETS** evalueer.

Afwykings van die senuweestelsel :
Hierdie simptome ingesluit duiseligheid, slaaploosheid, ingekorte konsentrasievermoë, slaapsug, abnormale drome en hallusinasies. Ander aangemelde simptome het euforie, verwarheid, agitasie, amnesie, beneweling, abnormale denke en depersonalisering ingesluit. Hierdie simptome begin gewoonlik gedurende die eerste of tweede dag van terapie en kan na die eerste 2 - 4 weke van terapie oplos. Pasiënte behoort ingelig te word dat hierdie algemene simptome kan verbeter met voortgesette terapie en mag nie voorspelbaar wees van die daaropvolgende aanvang van die minder algemene psigiatriese simptome nie. Dosering met slapenstyd kan die verdraagsaamheid van hierdie simptome van die senuweestelsel verbeter.
Pasiente wat **TRIEMTA TABLETS** ontvang behoort gewaarsku te word teen die potensiaal vir bykomende simptome van die sentrale senuweestelsel wanneer **TRIEMTA TABLETS** saam met alkohol of psigoaktiewe medisyne geneem word.

Ingekorte nierfunksie:
Emtrisitabien en tenofovir, twee van die bestanddele van **TRIEMTA TABLETS**, word hoofsaaklik deur die niere uitgeskei. **TRIEMTA TABLETS** behoort nie aan pasiënte met 'n kreatinienopruiming < 50 mℓ/min toegedien te word nie (sien **KONTRA-INDIKASIES)**.
Daar bestaan vermeldings van ingekorte nierfunksie, insluitende gevalle van akuut ingekorte nierfunksie en Fanconi se sindroom (nierbuisbeskadiging met erge hipofosfatemie) wat met die gebruik van tenofovir DF geassosieer word (sien **NEWE-EFFEKTE**).
Daar word aanbeveel dat kreatinienopruiming in alle pasiënte vóór inisiëring van, en ook waar klinies van toepassing gedurende die terapie met **TRIEMTA TABLETS** bereken word (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**). Roetine monitering van berekende kreatinienopruiming en serumkalium behoort in pasiënte met 'n risiko vir ingekorte nierfunksie uitgevoer te word.
Die gebruik van **TRIEMTA TABLETS** behoort vermy te word in pasiënte wat terselfdertyd of onlangs 'n nefrotoksiese middel gebruik of gebruik het.

Veluitslag:
Geringe tot matige uitslag wat gewoonlik met volgehoue behandeling verdwyn, is met die gebruik van efavirens waargeneem. Die behandeling met toepaslike antihistamiene en/of kortikosteroïede kan die verdraagsaamheid verbeter en die verdwyning van simptome versnel. Behandeling met **TRIEMTA TABLETS** behoort gestaak te word in pasiënte wat erge uitslag met blasies, afskilfering, slymvliesbetrokkenheid of koors ondervind (sien **NEWE-EFFEKTE**).

Cholesterol:
Die monitering van cholesterol- en trigliseriedvlakke behoort in pasiënte wat met **TRIEMTA TABLETS** behandel word, oorweeg te word (sien **NEWE-EFFEKTE**).

Beeneffekte:
TRIEMTA TABLETS verminder die beenmineraaldigtheid. Beenmonitering behoort in MIV-besmette pasiënte met 'n geskiedenis van patologiese beenfrakture of 'n risiko van osteopenie, oorweeg te word. Alhoewel die effek van supplementering van kalsium en vitamien D nie bestudeer is nie, kan die supplementering vir alle pasiënte van voordeel wees. Indien beenabnormaliteite vermoed word, behoort 'n toepaslike konsultasie verkry te word.

Osteonekrose:
Alhoewel die etiologie as multifaktoriaal beskou word (insluitende die gebruik van kortikosteroïede, alkoholinname, erge immuunonderdrukking en hoër liggaamsmassa-indeks), is gevalle van osteonekrose aangemeld, veral in pasiënte met gevorderde MIV-siekte en/of langtermyn blootstelling aan kombinasie antiretrovirusterapie (kART). Pasiënte behoort aangeraai te word om mediese advies in te win wanneer hulle gewrigspyn, gewrigstyfheid of moeite met beweging ondervind.

Stuipaanvalle:
Stuipaanvalle is in pasiënte wat efavirens ontvang waargeneem, hoofsaaklik in dié met 'n bekende geskiedenis van stuipaanvalle.
Pasiënte wat terselfdertyd antistuip medikasies wat hoofsaaklik deur die lewer gemetaboliseer word ontvang, soos fenitoïen en fenobarbital, mag periodieke monitering van plasmavlakke vereis (sien **INTERAKSIES**).

Lipodistrofie en metaboliese abnormaliteite:
Kombinasie antiretrovirusterapie is met die herverspreiding/akkumulasie van liggaamsvet, insluitende sentrale vetsug, dorsoservikale vetvergroting (buffelskof), perifere vermaering, gesigsvermaering, borsvergroting en verhoogde serumℓipied- en glukosevlakke in MIV-pasiënte geassosieer. 'n Kliniese ondersoek behoort die evaluering van fisiese tekens van die herverspreiding van vet in te sluit. Pasiënte met bewys van lipodistrofie behoort 'n deeglike kardiovaskulêre risiko-evaluering te ondergaan.

Immuunherinstelling en inflammatoriese sindroom:
Immuunherinstelling en inflammatoriese sindroom (IRIS) is 'n immunopatologiese respons wat volg op die vinnige herstel van patogeenspesifieke immuunresponse tot reeds bestaande immuun-disregulering wat kort na die begin van kombinasie antiretrovirusterapie (kART) voorkom. Dit presenteer tipies met paradoksale agteruitgang van opportunistiese infeksies wat behandel word of met ontmaskering van 'n asimptomatiese opportunistiese infeksie, dikwels met 'n atipiese inflammatoriese presentering. IRIS ontwikkel gewoonlik binne die eerste drie maande na inisiëring van ART en kom meer dikwels in pasiënte met lae CD4 tellings voor. Algemene voorbeelde van IRIS reaksies teen opportunistiese siektes is tuberkulose, sitomegalovirusretinitis en kriptokokmeningitis. Toepaslike behandeling van die opportunistiese siekte behoort ingestel en voortgesit te word en ART behoort ook voortgesit te word. Inflammatoriese manifesterings verdwyn gewoonlik na 'n paar weke. Erge gevalle mag op kortikosteroïede reageer, maar daar is slegs beperkte bewys hiervan in pasiënte met tuberkulose IRIS. Outo-immuunafwykings (soos Graves se siekte) is ook as IRIS reaksies aangemeld. Die aangemelde tyd tot aanvangs wissel egter meer en hierdie episodes kan 'n aantal maande na aanvangs van behandeling voorkom.

Opportunistiese infeksies:
Pasiënte wat **TRIEMTA TABLETS** ontvang behoort daaroor ingelig te word dat hulle mag voortgaan om opportunistiese infeksies en ander komplikasies van MIV-siekte op te doen en behoort daarom onder noukeurige waarneming deur professionele gesondheidswerkers met ondervinding in die behandeling van pasiënte met verwante MIV-siekte gehou te word. Die viruslading en CD4 tellings behoort gereeld gemonitor te word.

Die risiko van oordraging van MIV na ander:
Pasiënte behoort in kennis gestel te word dat die huidige antiretrovirusterapie, insluitende **TRIEMTA TABLETS**, nie die risiko van oordraging van MIV na ander deur seksuele kontak of bloedkontaminasie verminder nie. Toepaslike voorsorgsmaatreëls behoort getref te word.

Pediatriese en adolescent gebruik:
Die veiligheid en effektiwiteit van **TRIEMTA TABLETS** is nie in kinders en adolescents jonger as 18 jaar vasgestel nie, daarom **TRIEMTA TABLETS** word nie in hierdie ouderdomsgroep aanbeveel nie.

Gebruik in bejaardes:
Kliniese studies van vastedosis kombinasies van emtrisitabien en tenofovir, soos in **TRIEMTA TABLETS**, het nie genoeg individue van ouer as 65 jaar ingesluit om vas te stel of hulle anders as jonger individue reageer nie. Oor die algemeen behoort sorg aan die dag gelê te word wanneer dosisse vir bejaarde pasiënte geselekteer word. Die groter frekwensie van 'n afname in lewer-, nier- en hartfunksie, asook meegaande siekte of medisinale terapie, behoort in gedagte gehou te word.

Effek op die vermoë om te bestuur of met masjinerie te werk:
TRIEMTA TABLETS kan tot duiseligheid, ingekorte konsentrasievermoë en/of lomerigheid lei. Pasiënte behoort aangeraai te word dat wanneer hulle hierdie simptome ontwikkel, hulle potensieel gevaarlike take soos om te bestuur en met masjinerie te werk, moet vermy.

INTERAKSIES:
Efavirens:
In vivo is daar aangetoon dat efavirens CYP3A4 en CYP2B6 induseer. Ander middels wat substrate van CYP3A4 is, mag laer plasmakonsentrasies toon wanneer hulle saam met efavirens toegedien word. *In vitro* studies het aangetoon dat efavirens 2C9 en 2C19 isoënsieme in die reikwydte van waargenome plasmakonsentrasies van efavirens inhibeer. Die medetoediening van efavirens saam met medisyne wat hoofsaaklik deur hierdie ensieme gemetaboliseer word, kan tot veranderde plasmakonsentrasies van die medetoegediende medisyne lei.
Daar word verwag dat medisyne wat CYP3A4 aktiwiteit induseer (bv. fenobarbital, rifampien, rifabutien), die opruiming van efavirens sal verhoog, wat tot laer plasmakonsentrasies sal lei. Efavirenz blootstelling kan verhoog word deur medisyne (soos ritonavir) of pomelosap wat CYP3A4 of CYP2B6 aktiwiteit inhibeer.
Emtrisitabien en tenofovir disoproksielfumaraat:
Aangesien emtrisitabien en tenofovir hoofsaaklik deur die niere uitgeskei word, kan die medetoediening van **TRIEMTA TABLETS** saam met middels wat nierfunksie vertraag of vir aktiewe buissekresie kompeteer, die serumkonsentrasies van emtrisitabien, tenofovir en/of ander middels wat deur die niere uitgeskei word, verhoog. Sommige voorbeelde sluit asiklovir, adefovirdipivoksiel, sidofovir, gansiklovir, valasiklovir, valgansiklovir, aminoglikosiede, amfoterisien B, foscarnet, pentamidien en interleukien-2 in, maar is nie tot hierdie middels beperk nie.
Die medetoediening van tenofovir DF en didanosien behoort met sorg onderneem te word en pasiënte wat hierdie kombinasie ontvang, behoort noukeurig vir didanosienverwante newe-effekte gemonitor te word. Didanosien behoort gestaak te word in pasiënte wat didanosienverwante newe-effekte ontwikkel (vir aanbevelings oor doseringsaanpassings vir didanosien, verwys na Tabel 3).
Onderdrukking van die CD4 tellings is in pasiënte wat tenofovir DF saam met didanosien 400 mg daagliks ontvang, waargeneem.
Daar is aangetoon dat atasanavir en lopinavir/ritonavir die konsentrasies van tenofovir verhoog. Die meganisme van hierdie interaksie is nie bekend nie. Hoër tenofovir konsentrasies kan moontlik tenofovirverwante newe-effekte, insluitende nierafwykings, potensieer. Pasiënte wat atasanavir of lopinavir/ritonavir saam met tenofovir ontvang, behoort vir tenofovirverwante newe-effekte gemonitor te word. **TRIEMTA TABLETS** behoort gestaak te word in pasiënte wat tenofovirverwante newe-effekte ontwikkel (vir aanbevelings oor doseringsaanpassings vir didanosien, verwys na Tabel 3).
Ander belangrike inligting oor medisyne interaksies vir **TRIEMTA TABLETS** word in tabel 2 en 3 opgesom. Die interaksies wat beskryf word is gebaseer op studies wat uitgevoer is met efavirens, emtrisitabien of tenofovir DF as individuele middels, of is potensiële interaksies. Geen medisyne interaksiestudies is uitgevoer met die kombinasie van aktiewe soos in **TRIEMTA TABLETS** nie.

Tabel 2: Medisyne wat teenaangedui is of wat nie vir gebruik saam met TRIEMTA TABLETS aanbeveel word nie.

Medisyneklas Naam van die medisyne	Kliniese kommentaar
Swamwerende middels: Vorikonasool	TEENAANGEDUI omdat efavirens die plasmakonsentrasies van vorikonasool aansienlik verminder en medetoediening kan die terapeutiese effektiwiteit van vorikonasool laat afneem. Vorikonasool laat die plasmakonsentrasies van efavirens aansienlik toeneem, wat op sy beurt die risiko van efavirensverwante newe-effekte laat toeneem.
Anti-migraine middels: Ergotderivate (dihidroërgotamien, ergonovien, ergotamien, metielergonovien)	TEENAANGEDUI weens die potensiaal vir ernstige en/of lewensbedreigende reaksies soos akute ergottoksisiteit wat deur perifere vasospasme en isgemie van die ledemate en ander weefsels gekenmerk word.
Antiretrovirusmiddels: Efavirens, emtrisitabien, tenofovir DF, lamivudien	Nie vir gebruik met **TRIEMTA TABLETS** nie aangesien die aktiewe bestanddele emtrisitabien, tenofovir en efavirens komponente van **TRIEMTA TABLETS** is. Lamivudien is soortgelyk aan emtrisitabien.
Bensodiasepiene: Midasolam, triasolam	TEENAANGEDUI weens die potensiaal vir lewensbedreigende reaksies soos verlengde sedering of 'n toename in sedering of respiratoriese onderdrukking.
Kalsiumkanaalblokkeerder: Bepridiel	TEENAANGEDUI weens die potensiaal vir ernstige en/of lewensbedreigende reaksies soos hartdisritmieë.
GI motiliteitsmedisyne: Kisapried	TEENAANGEDUI weens die potensiaal van ernstige en/of lewensbedreigende reaksies soos hartdisritmieë.
Neuroleptika: Pimosied	TEENAANGEDUI weens die potensiaal van ernstige en/of lewensbedreigende reaksies soos hartdisritmieë.
St. John se kruid *(Hypericum perforatum)*	WORD NIE AANBEVEEL NIE: Daar word verwag dat dit die plasmavlakke van efavirens beduidend verlaag: is nie in kombinasie met efavirens bestudeer nie.

Tabel 3:
Bevestigde en ander potensieel beduidende[1] middelinteraksies:
Verandering in dosis of regimen kan op grond van middelinteraksie-studies of voorspelde interaksies gebaseer word.

Meegaande medisyne Klas: Naam van die medisyne	Effek	Kliniese kommentaar
Antiretrovirusmiddels		
Proteaseïnhibeerder: Amprenavir	↓ Amprenavir-konsentrasie	Efavirens besit die potensiaal om die serumkonsentrasies van amprenavir te verminder
Proteaseïnhibeerder: Fosamprenavirkalsium	↓ Amprenavir-konsentrasie	Fosamprenavir (ongeskraag): Toepaslike dosisse van fosamprenavir en **TRIEMTA TABLETS** ten opsigte van veiligheid en effektiwiteit is nie vasgestel nie. Fosamprenavir/ritonavir: 'n Addisionele 100 mg per dag (300 mg totaal) ritonavir word aanbeveel wanneer **TRIEMTA TABLETS** saam met fosamprenavir een keer per dag toegedien word. Geen verandering in die ritonavir dosis is nodig wanneer **TRIEMTA TABLETS** saam met fosamprenavir/ritonavir toegedien word nie. Geen verandering in die ritonavir dosis is nodig wanneer **TRIEMTA TABLETS** saam met fosamprenavir plus ritonavir twee keer per dag toegedien word nie.
Proteaseïnhibeerder: Atasanavir	↓ atasanavir konsentrasie ↑ tenofovir konsentrasie	Die plasmakonsentrasie van atasanavir is deur beide efavirens en tenofovir DF verminder. Daar is nie voldoende data beskikbaar om 'n dosisaanbeveling vir atasanavir of atasanavir/ritonavir saam met **TRIEMTA TABLETS** te maak nie. Daarom word die medetoediening van **TRIEMTA TABLETS** saam met atasanavir, weens besorgdheid oor die afname van die atasanavir konsentrasie, nie aanbeveel nie.
Proteaseïnhibeerder: Indinavir	↓ indinavir konsentrasie	Die optimale indinavir dosis, wanneer in kombinasie met efavirens toegedien word, is nie bekend nie. Verhoging van die indinavir dosis na 1000 mg elke 8 ure kompenseer nie vir die toename in die metabolisme van indinavir weens efavirens nie.
Proteaseïnhibeerder: Lopinavir/ritonavir	↓ lopinavir konsentrasie ↑ tenofovir konsentrasie	'n Toename in die dosis van lopinavir/ritonavir na 600/150 mg (3 tablette) twee keer per dag kan oorweeg word wanneer dit in kombinasie gebruik word met efavirens in pasiënte wat voorheen behandeling ontvang het en waar 'n afname in die vatbaarheid vir lopinavir klinies vermoed word. **Pasiënte behoort vir tenofovir verwante newe-effekte gemonitor te word. TRIEMTA TABLETS behoort in pasiënte wat tenofovir verwante newe-effekte ontwikkel, gestaak te word.**
Proteaseïnhibeerder: Ritonavir	↑ ritonavir konsentrasie ↑ efavirens konsentrasie	Wanneer ritonavir 500 mg elke 12 ure saam met efavirens 600 mg een keer per dag toegedien word, word die kombinasie geassosieer met 'n hoër frekwensie van nadelige kliniese ondervindings (bv. duiseligheid, naarheid, parestesie), asook laboratoriumabnormaliteite (toename in lewerensieme). Monitering van lewerensieme word aanbeveel wanneer **TRIEMTA TABLETS** in kombinasie met ritonavir gebruik word.
Proteaseïnhibeerder: Sakinavir	↑ sakinavir konsentrasie	Behoort nie as die enigste proteaseïnhibeerder saam met **TRIEMTA TABLETS** gebruik te word nie.
NTTI: Didanosien	↑ didanosien konsentrasie	Hoër didanosien konsentrasies kan didanosienverwante newe-effekte potensieer, insluitende pankreatitis en neuropatie. **In pasiënte wat meer as 60 kg weeg behoort die didanosien dosis na 250 mg verlaag te word as dit saam met TRIEMTA TABLETS toegedien word. Daar is geen data beskikbaar om 'n dosis aanpassing van didanosien vir pasiënte wat minder as 60 kg weeg, aan te beveel nie.** Wanneer saam toegedien word, kan **TRIEMTA TABLETS** en didanosien onder vastende kondisies of met 'n ligte maaltyd (minder as 400 kkal, 20 % vet) geneem word. Die medetoediening van didanosien gebufferde formulasie saam met **TRIEMTA TABLETS** behoort onder vastende kondisies plaas te vind. **Die medetoediening van TRIEMTA TABLETS saam met didanosien behoort met sorg te geskied en pasiënte wat hierdie kombinasie ontvang, behoort noukeurig vir didanosienverwante newe-effekte gemonitor te word.**
Ander middels		
Teenstolmiddel: Warfarien	↑ of ↓ warfarien konsentrasie	Plasmakonsentrasies en effekte word potensieel verhoog of verlaag deur efavirens.
Antistuipmiddel: Karbamasepien	↓ karbamasepien konsentrasie ↓ efavirens konsentrasie	Daar bestaan nie genoeg data om 'n dosis aanbeveling vir **TRIEMTA TABLETS** te maak nie. Alternatiewe antistuipbehandeling behoort gebruik te word.
Fenitoïen Fenobarbital	↓ antistuipmiddel konsentrasie ↓ efavirens konsentrasie	Potensiaal vir afname in antistuip en/of efavirens plasmavlakke; periodieke monitering van antistuip plasmavlakke behoort uitgevoer te word.
Valproïensuur /Efavirens	Geen klinies-belangrike effek op efavirens farmakokinetika. Beperkte data dui daarop dat daar geen klinies-beduidende effek op valproïensuur farmakokinetika is nie.	**TRIEMTA TABLETS** en valproïensuur kan saam toegedien word sonder dosisaanpassing. Pasiënte moet gemoniteer word vir stuiptrekking beheer.
Vigabatrien/Efavirens Gabapentien/Efavirens	Interaksie nie bestudeer nie. Kliniese beduidende interaksies word nie verwag nie aangesien vigabatrien en gabapentien word eksklusief in die urine onveranderd geelimineer en onwaarskynlik is om vir dieselfde metaboliese ensieme en eliminasieweë te kompeteer soos efavirens	**TRIEMTA TABLETS** en vigabatrien of gabapentien kan saam toegedien word sonder dosisaanpassing.
Antidepressant: Sertralien	↓ sertralien konsentrasie	Toenames van die sertraliendosis behoort op grond van die kliniese respons gedoen te word.
Paroksetien/Efavirens	Paroksetien: AOK: ↔ K_{maks}: ↔ K_{min}: ↔ Efavirenz: ↔ AOK: ↔ K_{maks}: ↔ K_{min}: ↔	**TRIEMTA TABLETS** en paroksetien kan saam toegedien word sonder dosisaanpassing.
Fluoksetien/Efavirens	Interaksie nie bestudeer nie. Aangesien fluoksetien 'n soortgelyke metaboliese profiel met paroksetien deel, dws 'n sterk CYP2D6 inhibitoriese effek, sal 'n soortgelyke tekort aan interaksie vir fluoksetien verwag word.	**TRIEMTA TABLETS** en fluoksetien kan saam toegedien word sonder dosisaanpassing.
Swamweerder: Itrakonasool Posakonasool Ketokonasool	↓ itrakonasool konsentrasie ↓ hidroksie-itrakonasool konsentrasie ↓ posakonasool ↓ ketokonasool konsentrasie	Aangesien geen dosisaanpassing vir itrakonasool gemaak kan word nie, behoort alternatiewe swamwerende behandeling oorweeg te word. Gelyktydige gebruik moet vermy word. Middel interaksiestudies met **TRIEMTA TABLETS** en ketokonasool is nie uitgevoer nie. Efavirens besit die potensiaal om die plasmakonsentrasies van ketokonasool te verlaag.
Anti-infektiewe middels: Klaritromisien	↓ klaritromisien konsentrasie ↑ 14-OH metaboliet konsentrasie	Die kliniese betekenis hiervan is onbekend. In onbesmette vrywilligers het 46 % egter uitslag ontwikkel terwyl hulle efavirens en klaritromisien ontvang het. Geen dosisaanpassing van **TRIEMTA TABLETS** word aanbeveel wanneer dit saam met klaritromisien toegedien word nie. Alternatiewe vir klaritromisien, soos asitromisien behoort oorweeg te word. Ander makroliede antibiotika soos eritromisien is nie in kombinasie met **TRIEMTA TABLETS** bestudeer nie.
Antimikobakteriële middels: Rifabutien	↓ rifabutien konsentrasie	Verhoog die daaglikse rifabutien dosis met 50 %. Oorweeg die verdubbeling van die rifabutien dosis in regimens war rifabutien twee of drie keer per week toegedien word.
Antimikobakteriële middels: Rifampisien	↓ efavirens konsentrasie	Die kliniese betekenis van 'n laer efavirens konsentrasie is nie bekend nie. Geen doseringsaanbevelings vir die gelyktydige gebruik van **TRIEMTA TABLETS** en rifampisien is vasgestel nie.
Kalsiumkanaalblokkeerders: Diltiasem	↓ diltiasem konsentrasie ↓ desasetiel-diltiasem konsentrasie	Dosering van diltiasem behoort op grond van die kliniese respons uitgevoer te word. Geen dosisaanpassing vir **TRIEMTA TABLETS** is nodig wanneer dit saam met diltiasem toegedien word nie.
Ander (bv. felodipien, nifedipien, nikardepien, verapamiel)	↓ N-monodesmetieldiltiasem konsentrasie ↓ kalsiumkanaal-blokkeerder	Daar bestaan geen data oor die potensiële interaksies met ander kalsiumkanaal-blokkeerders wat substrate vir CYP3A4 ensieme is nie. Daar bestaan 'n potensiaal vir die afname in plasmakonsentrasie van die kalsiumkanaalblokkeerder. Die dosis behoort op grond van die kliniese respons aangepas te word.
HMG-KoA reduktase-inhibeerders: Atorvastatien, pravastatien, simvastatien	↓ atorvastatien konsentrasie ↓ pravastatien konsentrasie ↓ simvastatien konsentrasie	Die plasmakonsentrasies van atorvastatien, pravastatien en simvastatien het met efavirens afgeneem. Raadpleeg die volledige vou-biljette van die HMG-KoA reduktaseïnhibeerder vir riglyne oor individualisering van die dosis.
Narkotiese pynstiller: Metadoon	↓ metadoon konsentrasie	Die medetoediening van efavirens in MIV-1 besmette individue met 'n geskiedenis van inspuitbare medisyne gebruik het tot 'n afname in die plasmavlakke van metadoon en tekens van opiaatonttrekking gelei. Die metadoon dosis is met gemiddeld 22 % verhoog om die onttrekkingsimptome te verlig. Pasiënte behoort vir tekens van onttrekking gemonitor te word en hul metadoon dosis soos nodig verhoog te word om die simptome van onttrekking te verlig.
Orale voorbehoedmiddels: Etinielestradiol	↑ etinielestradiol konsentrasie	Die kliniese betekenis hiervan is nie bekend nie. Omdat die potensiële interaksie met orale voorbehoedmiddels nog nie ten volle gekenmerk is nie, behoort 'n betroubare vorm van skeidingskontrasepsie bykomend tot die orale voorbehoedmiddel gebruik te word.
Artemether / Lumefantrien / Efavirens (20/120 mg tablet, 6 dosisse van 4 tablette elk oor 3 dae / 600 mg per dag.)	Artemether: AOK: ↓ 51 % K_{maks}: ↓ 21 % Dihydroartemisinien (aktiewe metaboliet): AOK: ↓ 46 % K_{maks}: ↓ 38 % Lumefantrien: AOK: ↓ 21 % K_{maks}: ↔ Efavirens: AOK: ↓ 17 % K_{maks}: ↔ (CYP3A4 induksie)	Aangesien afgeneem konsentrasies van artemether, dihydroartemisinien of lumefantrien kan lei tot 'n afname in antimalariëre effektiwiteit, word versigtigheid aanbeveel wanneer **TRIEMTA TABLETS** en artemether/lumefantrine tablette saam toegedien word.
Atovaquone en Proguanil Hidrochloried / Efavirens (250/100 mg enkel dosis / 600 mg daagliks.)	Atovaquone: AOK: ↓ 75 % (↓ 62 to ↓ 84) K_{maks}: ↓ 44 % (↓ 20 to ↓ 61) Proguanil: AOK: ↓ 43 % (↓ 7 to ↓ 65) K_{maks}: ↔	Gelyktydige toediening van atovaquone/proguanil met **TRIEMTA TABLETS** moet vermy word waar moontlik.

[1] Hierdie tabel is nie allesinsluitend nie

Interferensie met efavirens bepaling:
Interaksie met die kannabinoïedtoets:
Efavirens bind nie aan die kannabinoïedreseptore nie. Vals-positiewe urientoetse is met die Kannabinoïedtoets resultate in nie-MIV besmette vrywilligers wat efavirens gebruik het waargeneem, wanneer die Microgenics Cedia DAU Multi-Level THS bepaling vir sifting gebruik is. Negatiewe resultate is verkry wanneer meer spesifieke bevestigende toetse met gaschromatografie/massaspektrometrie gebruik is.

Ander interaksies:
Efavirens:
Middelinteraksiestudies is met efavirens en ander medisyne wat waarskynlik saam met medisyne wat as ondersoekende gebruik sou word vir farmakokinetiese interaksie, uitgevoer. Geen klinies beduidende interaksie is tussen efavirens en sidovudien, lamivudien, asitromisien, flukonasool, lorasepam of paroksetien waargeneem nie. Enkel dosisse famotidien of 'n aluminium en magnesium teensuurmiddel met simetikoon het geen effek op die blootstelling aan efavirens gehad nie.
Emtrisitabien en tenofovir disoproksielfumaraat:
Geen klinies betekenisvolle middelinteraksies is tussen emtrisitabien en tenofovir, indinavir, stavudien, tenofovir DF en sidovudien waargeneem nie. Netso is geen klinies betekenisvolle interaksies tussen Tenofovir DF en abasavir, adefovirdipifoksiel, efavirens, emtrisitabien, indinavir, lamivudien, lopinavir/ritonavir, metadoon, nelfinavir, orale voorbehoedmiddels, ribavirien en sakinavir/ritonavir in studies wat in gesonde vrywilligers uitgevoer is, waargeneem nie.
Na veelvuldige dosering aan MIV-negatiewe individue wat chroniese metadoon onderhoudsterapie, orale voorbehoedmiddels of 'n enkel dosis ribavirin ontvang het, was die plato tenofovir farmakokinetika soortgelyk aan dié wat in vorige studies waargeneem is. Dit dui op 'n tekort aan betekenisvolle middelinteraksies tussen hierdie middels en tenofovir DF.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:
Swangerskap:
Die gebruik van **TRIEMTA TABLETS** gedurende swangerskap word teenaangedui.
Efavirens:
Daar is berigte van bevindings wat ooreenstem met neurale buisdefekte, insluitende meningomyelocele, almal in moeders wat in die eerste trimester aan efavirenz-bevattende regimente blootgestel is. Aangesien neurale buisdefekte binne die eerste 4 weke van fetale ontwikkeling voorkom (wanneer neurale buise verseël word), sal hierdie potensiële risiko betrekking hê op vroue wat gedurende die eerste trimester van swangerskap blootgestel is aan efavirens.
Misvormings is waargeneem in fetusse van efavirens-behandelde ape.
Skeidingskontrasepsie behoort altyd in kombinasie met ander metodes van kontrasepsie (bv. orale of hormonale kontrasepsie) gebruik te word). As gevolg van die lang halveleeftyd van efavirens, word aanbeveel om voldoende kontrasepsiemaatreëls vir 12 weke na die staking van **TRIEMTA TABLETS** te gebruik.
Vroue wat kan swanger raak behoort swangerskapstoetsing te ondergaan vóór inisiëring van behandeling met **TRIEMTA TABLETS**.

Moeders wat borsvoed: MIV-positiewe moeders behoort nie hul babas te borsvoed nie. Efavirenz, emtrisitabien en tenofovir word in menslike melk uitgeskei. Weens die potensiaal vir MIV-oordraging en die potensiaal vir ernstige newe-effekte in sogende babas, **behoort moeders aangesê te word om nie hul babas te borsvoed as hulle TRIEMTA TABLETS neem nie**.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Volwassenes:
Die aanbevole dosis **TRIEMTA TABLETS** is een tablet een keer per dag. **TRIEMTA TABLETS** behoort op 'n leë maag geneem te word aangesien voedsel die blootstelling aan efavirens kan laat toeneem en dit kan 'n toename in die frekwensie van newe-effekte veroorsaak. Om die verdraagsaamheid teen efavirens te verbeter, word dit aanbeveel dat **TRIEMTA TABLETS** met slapenstyd geneem word.
Kinders en adolessente:
Weens 'n tekort aan data oor die veiligheid en effektiwiteit word **TRIEMTA TABLETS** nie vir kinders jonger as 18 jaar oud aanbeveel nie.
Ingekorte nierfunksie:
TRIEMTA TABLETS word nie aanbeveel vir pasiënte met matig tot erg ingekorte nierfunksie (kreatinienopruiming < 50 mℓ/min) nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
Waar staking van behandeling met een van die komponente van **TRIEMTA TABLETS** aangedui of waar 'n aanpassing van die dosis vereis word, is aparte preparate van efavirens, emtrisitabien en tenofovir beskikbaar. Verwys asseblief na die indiwiduele voubiljette van hierdie medisyne.

NEWE-EFFEKTE:
EFAVIRENS
Afwykings van die immuunstelsel:
Minder dikwels: Hipersensitiwiteit.
Frekwensie onbekend: Immuno-allergiese lewer besering/ lewerversaking.
Metaboliese en voedingsafwykings:
Dikwels: Massatoename, hipertrigliseridemie.
Minder dikwels: Hipercholesterolemie.
Frekwensie onbekend: Massaverlies, herverspreiding/akkumulasie van liggaamsvet.
Psigiatriese afwykings:
Dikwels: Depressie, angs, abnormale drome, slaaploosheid.
Minder dikwels: Beneweling, verwardheid, ingekorte konsentrasievermoë, abnormale denke, geroer, amnesie, delirium, emosionele onstabiliteit, euforie, hallusinering, psigose, selfmoordidees en –pogings, voltooide selfmoord, vervolgingswaan, manie, delusies, neurose.
Frekwensie onbekend: Ontoepaslike gedrag, apatie.
Afwykings van die senuweestelsel:
Dikwels: Duiseligheid, hoofpyn, slaapsug, cerebellaire koordinasie en balansversteuring, versteuring van aandag.
Minder dikwels: Abnormale koördinasie, ataksie, stuipaanvalle, migraine hoofpyne, neuralgie, parestesie, perifere neuropatie, spraakafwyking, bewerasie, hipoëstesie, amnesie, abnormale denke, geroer.
Oogafwykings:
Minder dikwels: Abnormale visie, versteurde visie.
Afwykings van die oor en labirint:
Minder dikwels: Tinnitus, vertigo.
Hartafwykings:
Minder dikwels: Hittegloede, hartkloppings tagikardie.
Respiratoriese, bors- en mediastinale afwykings:
Minder dikwels: Asma, boonste lugweginfeksies, sinusitis.
Frekwensie onbekend: Dispnee.
Gastroïntestinale afwykings:
Dikwels: Naarheid, braking, diarree, bruikpyn.
Dikwels: Gastritis, gastroënteritis, gastro-esofagale refluks, toename in eetlus, smaakafwykings, pankreatitis.
Frekwensie onbekend: Hardlywigheid, wanabsorpsie.
Hepatobileêre afwykings:
Dikwels: Verhoogde aspartate aminotransferase (AST), verhoogde alanine aminotransferase (ALT), verhoogde gamma-glytamyltransferase (GGT).
Minder dikwels: Hepatitis, lewerversaking.
Afwykings van die vel en subkutane weefsels:
Dikwels: Verspreide makulopapulêre uitslag, pruritus.
Minder dikwels: Erge uitslag geassosieer met blaasvorming, vogtige velafskilfering of -ulserasie, aknee, alopesie, ekseem, follikulitis, seborree, velafskilfering, urtikarie, erythema multiforme, foto-allergiese dermatitis, Stevens-Johnson se sindroom.
Frekwensie onbekend: Naelafwykings, velverkleuring.
Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings:
Minder dikwels: Artralgie, mialgie.
Frekwensie onbekend: Miopatie.
Reproduksiestelsel- en borsafwykings:
Minder dikwels: Impotensie, afname in libido, toename in libido, ginekomastie.
Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:
Dikwels: Moegheid.
Minder dikwels: Astenie, malaise, pyn, sinkopee, griepagtige simptome, alkoholintoleransie, hittegloede.

EMTRISITABIEN:
Afwykings van die bloed- en limfsisteem:
Dikwels: Neutropenie.
Minder dikwels: Anemie.
Immuniteitstelsel versteurings:
Dikwels: Allergiese reaksie.
Metaboliese en voedingsafwykings:
Dikwels: Hipertrigliseridemie, hiperglukemie.
Frekwensie onbekend: Melksuurasidose, gewoonlik geassosieer met erge hepatomegalie en steatose.
Psigiatriese afwykings:
Dikwels: Slaapafwykings (abnormale drome, slaaploosheid).
Frekwensie onbekend: Depressie afwyking.
Afwykings van die senuweestelsel:
Dikwels: Hoofpyn, duiseligheid.
Frekwensie onbekend: Astenie, neuropatie, perifere neuritis, parestesie.
Gastroïntestinale afwykings:
Dikwels: Naarheid, braking, diarree, verhoogde amilase insluitend verhoogde pankreasamilase, verhoogde serumℓipase, buikpyn, dispepsie.
Hepatobileêre afwykings:
Dikwels: Toename in lewerensiemkonsentrasies en hiperbilirubinemie.
Afwykings van die vel en subkutane weefsels:
Dikwels: Uitslagepisodes (insluitende uitslag, pruritus, makulopapulêre uitslag, urtikarie, vesikobulleuse uitslag, pustulêre uitslag en allergiese reaksie), velverkleuring, gemanifesteer deur hiperpigmentasie op die handpalms en/of voetsole.
Minder dikwels: Angioedema.
Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings:
Minder dikwels: Verhoogde kreatinien kinase.
Frekwensie onbekend: Artralgie, mialgie.
Respiratoriese, bors- en mediastinale afwykings:
Frekwensie onbekend: Toename in hoes en rinitis.
Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:
Dikwels: Pyn, astenie.

TENOFOVIR:
Afwykings van die bloed- en limfsisteem:
Frekwensie onbekend: Neutropenie, hematurie.
Afwykings van die immuunstelsel:
Frekwensie onbekend: Allergie, allergiese reaksies.
Metaboliese en voedingsafwykings:
Dikwels: Hipofosfatemie.
Minder dikwels: Hipokalemie, melksuurasidose, gewoonlik geassosieer met erge hepatomegalie en steatose.
Frekwensie onbekend: hipertrigliseridemie, hiperglukemie.
Psigiatriese afwykings:
Frekwensie onbekend: Depressie, angs.
Afwykings van die senuweestelsel:
Baie dikwels: Duiseligheid, hoofpyn.
Frekwensie onbekend: Perifere neuropatie (insluitende perifere neuritis, neuropatie).
Respiratoriese, bors- en mediastinale afwykings:
Frekwensie onbekend: Borspyn, pneumonie, dispnee.
Gastroïntestinale afwykings:
Dikwels: Naarheid, braking, diarree, buikpyn, winderigheid, dispepsie en anoreksie.
Minder dikwels: Verhoogde serumamilase konsentrasie, pankreatitis.
Hepatobileêre afwykings:
Dikwels: Verhoogde lewerensieme.
Minder dikwels: Hepatiese steatose, hepatitis.
Afwykings van die vel en subkutane weefsels:
Dikwels: Veluitslag (insluitende uitslag, pruritus, makulopapulêre uitslag, urtikarie, vesikobulleuse uitslag, pustulêre uitslag).
Minder dikwels: Angioedema.
Muskuloskeletale en bindweefselafwykings:
Minder dikwels: Rabdomiolise, spierswakheid, osteomalasie (gemanifesteer as been pyn en selde by te dra tot frakture), miopatie.
Frekwensie onbekend: Rugpyn, artralgie, mialgie.
Nier- en urienafwykings:
Minder dikwels: Proteïenurie, proksimale tubulopatie insluitende Fanconi se sindroom, nierversaking (akute en chroniese), akute buisnekrose, nefritis (insluitende akute interstisiële nefritis), nefrogeniese diabetes insipidus.
Frekwensie onbekend: Nier waardedaling.
Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:
Dikwels: Astenie.
Frekwensie onbekend: Koors, sweet, massaverlies.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:
In die geval van oordosering moet die pasiënt vir tekens van toksisiteit gemonitor word en waar nodig moet standaard ondersteunende behandeling toegedien word.
Efavirens:
Simptome van oordosis insluitend toename in senuweestelsel simptome en onwillekeurige spiersametrekkings. Die behandeling van oordosering met efavirens behoort uit algemene ondersteunende maatreëls te bestaan. Dit behoort monitering van lewenstekens en waarneming van die pasiënt se kliniese kondisie in te sluit. Geaktiveerde houtskool kan toegedien word om te help met die verwydering van ongeabsorbeerde medisyne. Dit is onwaarskynlik dat dialise enige beduidende hoeveelheid efavirens uit die bloed sal verwyder, aangesien die medisyne hoogs proteïengebonde is.
Emtrisitabien:
Behandeling met hemodialise verwyder ongeveer 30 % van die emtrisitabien dosis oor 'n 3-ure dialiseperiode wat binne 1,5 ure na die dosering met emtrisitabien begin (bloedvloeitempo van 400 mℓ/min en 'n dialisevloeitempo van 600 mℓ/min). Dit is nie bekend of emtrisitabien met peritoneale dialise verwyder kan word nie.
Tenofovir disoproksielfumaraat:
Tenofovir word effektief deur hemodialise verwyder met 'n ekstraksie koëffisiënt van ongeveer 54 %. Na 'n enkel 300 mg dosis tenofovir disoproksielfumaraat, verwyder 'n vier-ure dialise sessie ongeveer 10 % van die toegediende tenofovir dosis.

IDENTIFIKASIE:
Pienk, kapsulevormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met "CL 81" op die een kant gedruk en skoon aan die ander kant.

AANBIEDING:
HDPE houer:
Tablette word in 'n wit, onderusigtige, ronde 120 mℓ HDPE houer met 'n 38 mm nek, toegemaak met 'n 38 mm wit ondeursigtige polipropileen geribde deksel met 'n induksie seëlprop. Elke houer bevat 28 of 30 tablette.

BERGINGSINSTRUKSIES:
Bewaar by of benede 25 °C. Beskerm teen lig en vogtigheid.
Hou die HDPE houer dig toe.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER:
51/20.2.8/0121.120

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:
Macleods Pharmaceuticals SA (Edms.) Bpk
Kantoorblok 1
Bassonia Estate Office Park (Oos)
Cussoniarylaan 1, Bassonia Rock,
Uitb. 12, Alberton.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET
29 September 2017

INLIGTINGSBLAD VIR PASIËNTE

SKEDULERINGSTATUS:
S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM
TRIEMTA TABLETS (filmbedekte tablette)
Efavirens 600 mg, emtrisitabien 200 mg en tenofovir disoproksielfumaraat 300 mg.

Lees die hele brosjure sorgvuldig voordat u begin om **TRIEMTA TABLETS** te neem.
- Hou hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.
- **TRIEMTA TABLETS** is vir u persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u medisyne met ander mense te deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ookal het hulle dieselfde simptome as u.

WAT TRIEMTA TABLETS BEVAT
Elke filmbedekte tablet bevat 600 mg efavirens, 200 mg emtrisitabien en 300 mg tenofovir disoproksielfumaraat. Suikervry.
Ander bestanddele sluit mikrokristallyne sellulose, kroskarmellose natrium, hidroksipropielsellulose, natriumℓourielsulfaat, magnesiumstearaat (plantaardig), gepregelatiniseerde stysel, polivinielalkohol, titaandioksied (C.I. 77891), poliëtileenglikol, talk, rooi ysteroksied (C.I. 77491) en swart ysteroksied (C.I. 77499) in.

WAARVOOR TRIEMTA TABLETS GEBRUIK WORD
TRIEMTA TABLETS word gebruik om Menslike Immuuntekortvirus (MIV) infeksie in volwassenes te behandel. **TRIEMTA TABLETS** word alleen of in kombinasie met ander anti-MIV medisyne gebruik om MIV-1 infeksie te behandel.

VOORDAT U TRIEMTA TABLETS NEEM
Moenie TRIEMTA TABLETS neem nie:
- As u hipersensitief (allergies) teen efavirens, emtrisitabien en tenofovir disoproksielfumaraat of enige van die ander bestanddele van **TRIEMTA TABLETS** is
- As u aan nierprobleme ly.
- As u aan lewerprobleme ly.
- As u 'n lewerversteuring of lewerversaking gehad het wat toegeskryf word aan behandeling met **TRIEMTA TABLETS.**
- As u swanger is of borsvoed.
- As u tans enige van die volgende medisyne gebruik:
  - kisapried (gebruik om sooibrand te behandel)
  - bepridiel (gebruik om hartsiekte te behandel)
  - ergotalkaloïede (bv. ergotamien, dihidroërgotamien, ergonovien en metielergonovien) (gebruik om migraine en troshoofpyne te behandel)
  - midasolam of triasolam (gebruik om u te help slaap)
  - pimosied (gebruik om sekere geestessiektes te behandel)
  - vorikonasool (vir swaminfeksies).
  - terfenadine (gebruik om hooi koors of ander allergieë behandel)
  - St. John's se kruid *(Hypericum perforatum)* ('n kruiemiddel gebruik vir depressie en angs).

As u enige van die hierdie medisyne gebruik, moet u onmiddellik u dokter in kennis stel. Die neem van hierdie medisyne saam met **TRIEMTA TABLETS** kan ernstige of lewensbedreigende newe-effekte veroorsaak of kan veroorsaak dat hierdie medisyne nie werk nie.
- Die veiligheid en doeltreffendheid van **TRIEMTA TABLETS** in kinders en pasiënte jonger as 18 jaar is nie vasgestel nie. Daarom moet dit nie by pasiënte jonger as 18 jaar gebruik word nie.

Neem spesiale sorg met TRIEMTA TABLETS:
- **TRIEMTA TABLETS** kan melksuurasidose veroorsaak, saam met 'n vergrootte lewer, wat fataal kan wees. Diep, vinnige asemhaling, lomerigheid en simptome soos naarheid, braking en maagpyn kan op die ontwikkeling van melksuurasidose dui. Melksuurasidose kom meer dikwels in vroue voor. Pasiënte wat oorgewig is het 'n groter risiko.
- Stel u dokter in kennis as u aan lewersiekte (insluitende hepatitis B) ly. Onafhanklik van 'n geskiedenis van lewersiekte, sal u dokter gereelde bloedtoetse oorweeg om te kyk hoe u lewer funksioneer.
- **TRIEMTA TABLETS** kan inflammasie van die pankreas veroorsaak. Stel u dokter in kennis as u erge boonste maagpyn met naarheid en braking ondervind.
- Stel u dokter in kennis as u enige lewersiekte insluitende hepatitis B of C gehad het, aangesien die behandeling met **TRIEMTA TABLETS** in pasiënte met lewersiekte moontlike ernstige newe-effekte wat die lewer aantas, insluitende die dood kan veroorsaak. U dokter sal u lewerfunksie moniteer deur gereelde bloedtoetse uit te voer.
- As u aan 'n aanhoudende hepatitis B infeksie ly, moet u nie sonder u dokter se advies met die gebruik van **TRIEMTA TABLETS** staak nie, aangesien die hepatitis kan terugkeer. Die hepatitis kan ook baie ernstiger wees as u aan 'n ernstige lewersiekte ly.
- Stel u dokter in kennis as u enige medisyne gebruik wat efavirens, emtrisitabien, of tenofovirdisoproksiel, of lamivudien, of adefovirdipivoksiel bevat. **TRIEMTA TABLETS** behoort nie met enige van hierdie medisyne geneem te word nie.
- Stel u dokter in kennis as u aan 'n niersiekte ly of as toetse aangetoon het dat u aan nierprobleme ly. **TRIEMTA TABLETS** kan u niere aantas.
- Veluitslag kan deur **TRIEMTA TABLETS** veroorsaak word. As u enige tekens van 'n erge uitslag met blasievorming en koors waarneem, moet u met die gebruik van **TRIEMTA TABLETS** ophou en onmiddellik u dokter raadpleeg.
- Stel u dokter in kennis as u 'n geskiedenis van geestessiektes insluitende depressie, of van middel- of alkoholmisbruik het. Stel u dokter onmiddellik in kennis as u depressief is, of selfmoord- of vreemde gedagtes het.
- Stel u dokter in kennis as u al ooit stuipaanvalle gehad het of medikasie vir stuipaanvalle neem.
- Sommige pasiënte wat kombinasie antiretrovirusterapie neem kan 'n beensiekte by name osteonekrose (afsterwing van beenweefsel weens 'n verlies aan bloedtoevoer na die been) ontwikkel. Tekens van osteonekrose is gewrigstyfheid en -pyn (veral in die heup, knie en skouer) en moeite met beweging. Stel u dokter in kennis as u enige van hierdie tekens waarneem.
- **TRIEMTA TABLETS** verminder die beenmineraaldigtheid wat tot frakture kan lei. U dokter mag kalsium en vitamien D supplemente voorskryf terwyl u **TRIEMTA TABLETS** neem.
- **TRIEMTA TABLETS** kan die vorm van u liggaam verander deur die vetverspreiding te verander. U mag vet van u bene, arms en gesig verloor en/of vet om die buikarea en interne organe versamel, groter borste of vetknoppe op die agterkant van die nek (buffelskof) ontwikkel.
- As u aan gevorderde MIV-siekte (VIGS) ly en enige infeksie het, kan u akute simptome van die infeksie of inflammasie en 'n agteruitgang van die simptome van 'n reeds bestaande infeksie ontwikkel wanneer behandeling met **TRIEMTA TABLETS** begin word. As u tekens van inflammasie of infeksie of 'n agteruitgang daarvan waarneem, moet u onmiddellik u dokter in kennis stel.
- U sal **TRIEMTA TABLETS** elke dag moet neem. **TRIEMTA TABLETS** help om u kondisie te beheer en vordering van die siekte te vertraag, maar dit is nie 'n genesing vir MIV nie. U mag aanhou om ander infeksies en siektes wat met MIV geassosieer word, op te doen. Bly in gereelde kontak met u dokter. Moenie met die medikasie stop voordat u nie u dokter geraadpleeg het nie.
- Die behandeling met **TRIEMTA TABLETS** verminder nie die risiko van oordraging van MIV na ander deur seksuele kontak of bloedoordraging (bv. bloedoortappings en deel van naalde) nie. U behoort toepaslike voorsorgmaatreëls te gebruik om dit te voorkom.
- **TRIEMTA TABLETS** word nie in bejaardes ouer as 65 aanbeveel nie.
- **TRIEMTA TABLETS** kan die bloedcholesterol-, trigliseried- en suikervlakke in u bloed verhoog en u dokter sal met gereelde tussenposes bloedtoetse uitvoer om u cholesterol-, trigliseried- en suikervlakke te monitor.

Die neem van TRIEMTA TABLETS saam met voedsel en vloeistof:
TRIEMTA TABLETS behoort sonder voedsel geneem te word. Alkohol behoort vermy te word, asook pomelosap.

Swangerskap en borsvoeding:
- Moenie **TRIEMTA TABLETS** vat as u swanger is. Misvormings is in fetusse van diere wat met **TRIEMTA TABLETS** gedurende dragtigheid behandel is, waargeneem, dus, u behoort nie swanger te raak as u **TRIEMTA TABLETS** neem nie.
- Stel u dokter onmiddellik in kennis as u swanger is of beoog om swanger te raak.
- As u 'n vrou is wat **TRIEMTA TABLETS** neem, behoort 'n betroubare vorm van skeidingskontrasepsie (bv. kondoom) altyd gebruik te word saam met ander metodes van voorbehoeding, insluitende orale (die pil) of ander hormonale voorbehoedmiddels (bv. implante, inspuitings) gebruik te word. Gebruik voldoende kontraseptiewe maatreëls vir 12 weke na staking van **TRIEMTA TABLETS**.
- Moenie borsvoed as u **TRIEMTA TABLETS** neem nie aangesien dit ernstige skade aan u baba kan verrig.

As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsbeampte vir advies nader voordat u **TRIEMTA TABLETS** neem.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
TRIEMTA TABLETS kan duiseligheid, ingekorte konsentrasievermoë en/of lomerigheid veroorsaak. As u duiselig of lomerig voel terwyl u **TRIEMTA TABLETS** neem moet u nie bestuur of met enige gereedskap of masjinerie werk nie.
Stel altyd u professionele gesondheidswerker in kennis as u enige ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in.)

Die neem van ander medisyne saam met TRIEMTA TABLETS:
Stel altyd u professionele gesondheidswerker in kennis as u enige ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in.)

- Stel u dokter in kennis as u enige ander medisyne gebruik of onlangs gebruik het.
- Stel u dokter in kennis as u efavirens, abasavir, emtrisitabien, tenofovir, indinavir of lamivudien (vir MIV-infeksie) neem.
- As u tans enige van die volgende medisyne neem:
  - astemizole (gebruik om hooikoors of ander allergieë te behandel)
  - kisapried (gebruik om sooibrand te behandel)
  - bepridiel (gebruik om hartsiekte te behandel)
  - ergotalkaloïede (bv. ergotamien, dihidroërgotamien, ergonovien en metielergonovien) (gebruik om migraine en troshoofpyne te behandel)
  - midasolam of triasolam (gebruik om u te help slaap)
  - pimosied (gebruik om sekere geestessiektes te behandel)
  - vorikonasool (vir swaminfeksies).
  - terfenadine (gebruik om hooikoors of ander allergieë te behandel).

As u enige van hierdie medisyne neem, moet u onmiddellik u dokter daarvan in kennis stel aangesien u nie saam met TRIEMTA TABLETS enige van hierdie medisyne moet gebruik nie

- Stel u dokter in kennis as u atasanavir en/of lopinavir/ritonavir (vir MIV-infeksie) nee. As u enige van hierdie medisyne neem, mag dit nodig wees dat u dokter u terapie meer deeglik moet monitor of u mag moontlik nie **TRIEMTA TABLETS** kan gebruik nie.
- Stel u dokter in kennis as u enige medisyne neem wat didanosien (vir MIV-infeksie) neem. Die neem van **TRIEMTA TABLETS** saam met ander antivirusmiddels wat didanosien bevat, kan die didanosienvlakke in u bloed verhoog. Inflammasie van die pankreas en neuropatie (senuweeafwykings) kan voorkom. U dokter sal dit noukeurig oorweeg om u met kombinasies van tenofovir en didanosien te behandel.
- Medisyne wat gebruik word om bloedvette te verminder (statiene): Atorvastatien, pravastatien, simvastatien. **TRIEMTA TABLETS** kan die hoeveelheid statiene in u bloed verminder. U dokter sal u cholesterolvlakke nagaan en dit oorweeg om die dosis van u statien te verander, indien nodig.
- Medisyne wat gebruik word om stuipaanvalle te behandel (antistuipmiddels): Karbamasepien, fenitoïen, fenobarbital. **TRIEMTA TABLETS** kan die hoeveelheid antistuipmiddel in u bloed verminder. Karbamasepien kan die hoeveelheid efavirens, een van die komponente van **TRIEMTA TABLETS**, in u bloed verminder. U dokter mag dit oorweeg om 'n ander antistuipmiddel aan u te gee.
- Medisyne wat gebruik word om bakteriese infeksies te behandel: Klaritromisien, rifabutien, rifampisien. U dokter mag dit oorweeg om die dosis te verander of 'n ander antibiotika aan u te gee Boonop kan u dokter besluit om 'n ekstra dosis efavirens te gee om u MIV-infeksie te behandel.
- Medisyne wat gebruik word om swaminfeksies te behandel (swamweerders). Posakonasool, itrakonasool of ketokonasool. **TRIEMTA TABLETS** kan die hoeveelheid posakonasool, itrakonasool of ketokonasool in u bloed verminder. Jou dokter sal dalk moet oorweeg om jou 'n ander swamweerder te gee.
- Hormonale kontrasepsie soos die pil, 'n inspuitbare voorbehoed-middel (bv. Depot-Provera) of a kontraseptiewe implanting. U moet altyd 'n betroubare metode van skeidingskontrasepsie soos 'n kondoom gebruik aangesien **TRIEMTA TABLETS** hormonale voorbehoedmiddels minder effektief kan maak.
- Metadoon, 'n middel om afhanklikheid te behandel, aangesien u dokter u metadoon dosis moet verander.
- Sertralien, 'n middel wat gebruik word depressie te behandel, aangesien u dokter moontlik u sertralien dosis moet verander.
- Diltiasem of soortgelyke medisyne (kalsiumkanaalblokkeerders). Wanneer u begin om **TRIEMTA TABLETS** te neem, mag u dokter die dosis van die kalsiumkanaalblokkeerder aanpas.
- Warfarien (medisyne wat gebruik word om bloedklonting te verminder). Dit mag vir u dokter nodig wees om die warfarien dosis aan te pas.
- St. John se kruid (*Hypericum perforatum*) ('n kruimiddel wat vir depressie en angs gebruik word) moet nie saam met **TRIEMTA TABLETS** geneem word nie.
- Atovaquone / proguanil of artemether / lumefantrien (medisyne wat gebruik word om malaria te behandel). **TRIEMTA TABLETS** kan die hoeveelheid atovaquone / proguanil of artemether / lumefantrine in jou bloed verminder.
- Stel u dokter in kennis as u enige ander medisyne gebruik wat u nierfunksie mag inkort. Sommige voorbeelde sluit die volgende in:
  - Aminoglikosiede (vir bakteriese infeksies)
  - Adefovirdipivoksiel (vir virusinfeksies)
  - Sidofovir (vir virusinfeksies)
  - Asiklovir (vir virusinfeksies)
  - Valasiklovir (vir virusinfeksies)
  - Gansiklovir (vir virusinfeksies)
  - Valgansiklovir (vir virusinfeksies)
  - Amfoterisien B (vir swaminfeksies)
  - Foskarnet (vir virusinfeksies)
  - Pentamidien (vir infeksies)
  - Interleukin-2 (vir die behandeling van kanker)

HOE OM TRIEMTA TABLETS TE NEEM
Moenie jou medisyne met ander deel nie.

Neem TRIEMTA TABLETS altyd presies soos deur u dokter voorgeskryf. Bevestig met u dokter of apteker as u onseker is. As u van mening is dat die effek van TRIEMTA TABLETS te sterk of te swak is, moet u u dokter of apteker raadpleeg.

- Bly onder u gesondheidswerker se sorg wanneer u **TRIEMTA TABLETS** neem. Moenie u behandeling verander of staak sonder om eers met u gesondheidswerker te praat nie.
- Die normale dosis van **TRIEMTA TABLETS** is een tablet, met water, een keer per dag met slapenstyd, sonder voedsel.

As u te veel TRIEMTA TABLETS geneem het:
- Kry nood mediese hulp as u dink dat u te veel **TRIEMTA TABLETS** geneem het.

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of gifbeheersentrum**.**

As u vergeet het om TRIEMTA TABLETS te neem:
As u vergeet het om 'n dosis te neem, neem dit so gou as wat u daarvan onthou en gaan dan voort soos gewoonlik. Moenie 'n dubbel dosis neem om vir 'n oorgeslaande indiwiduele dosis op te maak nie.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
TRIEMTA TABLETS kan newe-effekte hê.
Nie al die newe-effekte wat vir hierdie medisyne aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. As u algemene gesondheid agteruitgaan of as u enige ongewone effekte ondervind terwyl u **TRIEMTA TABLETS** neem, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker om advies raadpleeg.
Indien enige van die volgende gebeur, stop met die neem van **TRIEMTA TABLETS** en raadpleeg u dokter onmiddellik of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:
- Urtikarie,
- moeite met asemhaling,
- swelling van u gesig, lippe, tong of keel.

Dit is almal baie ernstige newe-effekte. As jy dit het, het jy dalk 'n ernstige allergiese reaksie gehad met **TRIEMTA TABLETS**. Jy mag dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Raadpleeg onmiddellik u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal as u enige van die volgende newe-effekte waarneem:
- Melksuurasidose (erge toename van melksuur in u bloed, 'n ernstige newe-effek wat fataal kan wees) - Die volgende newe-effekte kan tekens van melksuurasidose wees: diep, vinnige asemhaling, lomerigheid, naarheid, braking en maagpyn.
- Lewerbeskadiging - naarheid, maagpyn, lae koors, verlies aan eetlus, donkergekleurde urien, kleigekleurde stoelgang, geelsug, (geel verkleuring van die vel of oë).
- Rugpyn veroorsaak deur nierprobleme, insluitende nierversaking. U dokter mag bloedtoetse doen om vas te stel of u niere behoorlik funksioneer.
- Koors, kouekoors, seer keel, hoes of ander tekens van infeksie.
- Psigiatriese simptome insluitende verwardheid, erge depressie, selfmoordidees, aggressie, uitermatige vrees, hallusinasies of ongewone gedrag.
- Koors met erge blaasvorming, afskilfering en rooi veluitslag of enige erge velreaksie.
- Stuipaanvalle

Dit is almal ernstige newe-effekte. Jy benodig dringende mediese aandag.

Raadpleeg jou dokter as jy enige van die volgende opmerk:
Dikwels voorkomende newe-effekte:
- massatoename
- duiseligheid
- lomerigheid
- moeite om aan die slaap te raak
- abnormale drome
- hoofpyn
- afwykings van koördinasie en balans
- gevoel van depressie of angs
- naarheid, braking
- diarree of hardlywigheid
- maagpyn
- indigestie
- omgekrapte maag
- verhoogde eetlus
- gebrek aan eetlus
- winderigheid
- veluitslag
- jeuk
- veranderinge in vel en spyker kleur
- moegheid or tekort aan energie
- oor die algemeen ongesteld voel
- pyn

Minder dikwels voorkomende newe-effekte:
- gewigsverlies
- gevoelloosheid, prikkeling, spelde en naalde
- bewerasie
- verwardheid, vergeetagtigheid moeite met konsentrasie, vergeetagtigheid, abnormale danke, gevoel van angs, onvanpaste gedrag, tekort aan belangstelling, abnormaal gelukkige bui, gereelde bui veranderings, probleme met spraak, verlies aan beheer van liggaamℓike bewegings, verlies van sensitiwiteit vir aanraking
- abnormale visie, onduidelike visie
- suising in die ore en 'n draaigevoel (vertigo)
- hartkloppings (vinnige ongereelde aksie van die hart), toename in die harttempo
- asma, kortademheid, hoes, loperige of verstopte neus, sinusitis, borsinfeksie
- smaakversteurings, sooibrand
- inflammasie van die pankreas (erge buikpyn)
- korwe, ekseem, verlies van hare, aknee, velafskilming, infeksie van die haarfollikels, allergiese velreaksie teen sonlig
- gewrigspyn, afbreek van spiere, spierpyn of swakheid, rugpyn, borspyn, versagting van die been (met beenpyn en soms tot frakture)
- Impotensie (verlies aan manlike seksuele funksionering) toename en afname in seksdrang (libido), borsvergroting in mans
- flou, alkohol onverdraagsaamheid, hittegloede, griepagtige simptome
- bloed in die urien, inflammasie van die niere, dikwelse urinering en dorstigheid
- verandering in die vorm van en plek van liggaamsvet (veral in u arms, bene, gesig, nek, borste en middel)
- verhoogde sweet, koors.

Bloedtoetse kan ook die volgende aandui:
- afname van fosfaatvlakke in die bloed
- toename in die vlakke van kreatienkinase in die bloed wat tot spierpyn en swakheid kan lei.
- anemie (lae rooibloedseltelling)
- lae witbloedseltelling ('n laer witbloedseltelling kan veroorsaak dat u meer tot infeksies neig)
- toename in vetsuur- (trigliseriede), bilirubien- of suikervlakke in die bloed
- probleme met die lewer of pankreas
- afname in kalium in die bloed
- toename in kreatinien in die bloed
- proteïene in die urien.

As u enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie blaadjie genoem word nie, moet u asseblief u dokter raadpleeg.

OPBERGING EN WEGDOEN VAN TRIEMTA TABLETS
Bewaar by of benede 25 °C (kamertemperatuur). Beskerm teen lig en vogtigheid.
Hou HDPE houers dig toe.
BERG ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.

Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug.
Moenie enige ongebruikte medisyne in die drein of riolering (bv. toilette) weggooi nie.

AANBIEDING VAN TRIEMTA TABLETS
HDPE houer:
Tablette word in 'n wit, onderusigtige, ronde 120 mℓ HDPE houer met 'n 38 mm nek, toegemaak met 'n 38 mm wit ondeursigtige polipropileen geribde deksel met 'n induksie seëlprop. Elke houer bevat 28 of 30 tablette.

IDENTIFIKASIE VAN TRIEMTA TABLETS
Pienk, kapsulevormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met "CL 81" op die een kant gedruk en skoon aan die ander kant.

REGISTRASIENOMMER/VERWYSINGSNOMMER
51/20.2.8/0121.120

NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER
Macleods Pharmaceuticals SA (Edms.) Bpk
Kantoorblok 1
Bassonia Estate Office Park (Oos)
Cussoniarylaan 1, Bassonia Rock,
Uitb. 12, Alberton.

DATUM VAN PUBLIKASIE
29 September 2017